

**Kapeldiens 25 Februarie 2019,
Andrew Murray Spiritualiteit Sentrum [AMSS],
Wellington**

Oorhoofse tema: **Gewortel in Christus**

Dagtema: ***Bly in My soos Ek in julle: Wat is die evangelie en hoe kommunikeer ons dit?***

Tekste: Joh 15:4; 17:21 en Kol 2:6-7; 3:12-16a.

Bly in My soos Ek in julle; en gewortel in Christus.

Wat is die kwaliteit van ons geworteldheid in Christus en ons verbondenheid in Hom. Hoe het ons die evangelie gekommunikeer en geleef?

Hoe het ons geworteldheid in Christus ons gehelp of gehinder om ontwikkeling of onderontwikkeling; etnisiteit; diskriminasie; rassisme en diversiteit; ekonomiese en polieke mag te oorkom of so goed te bestuur dat ons die eenheid van die kerk kon dien sodat die wêreld kan glo dat Jesus Christus deur God die Vader gestuur is.

Die kerk staan in diens van die evangelie om die koninkryk van God, die sending van God in hierdie wêreld te verkondig en te beliggaam.

Die kerk is die aards-historiese voortsetting van die liggaam van Christus. Anders gestel, die kerk het die roeping om Christus in die wêreld teenwoordig te stel. Ouderwets gesê, moet die wêreld vir Christus in die kerk kan sien. Die wêreld moet in die kerk tekens van die koninkryk van God sien. Die wêreld moet in die kerk iets van die alternatiewe geloofsgemeenskap sien wat 'n getuienis is van die barmhartigheid en genade, die hart van God.

Van 1857 af worstel die kerk met diversiteit, om dit sagkens te stel. Op die sinode van 1857 is die berugte besluit geneem dat dit beter sal wees vir die kerk om aparte nagmaaldienste vir die verskillende bevolkingsgroepe te hê, twv die swakheid van sommige. Andrew Murray was een van diegene wat by die sinode help formuleer het aan dié voorstel. Daarna was hy vir ses sinodes moderator van die NGK. Dié besluit lê ten grondslag van die opbreek van die NG Kerk en die stigting van aparte kerke: die NG Sendingkerk in 1881; die NGKA in 1950 en die RCA in 1960.

Wat kommunikeer dit van die evangelie? *Dat die evangelie nie in staat is om kulturele diversiteit te oorkom en te integreer nie.*

Ek was diep getref deur die woorde van die huidige moderator van die Kaaplandse sinode, dr Llewellyn MacMaster, van die VGK wat verlede jaar in Alice in die Oos-Kaap gehou is. Hy het verlede week in Stellenbosch by 'n boekbespreking oor: *Racial Integration in the*

Church of Apartheid, gesê dat hy hartseer was toe hy by die sinode besef het hoe broos die eenheid van die VGK is in die lig van die onbeholpenheid waarmee die kwessie van kulturele diversiteit hanteer is.

Hoe lank gaan ons nog toelaat dat kulturele diversiteit, ekonomiese ongelykheid en kerklike politieke mag, harder praat as die evangelie van vergifnis, versoening, geregtigheid en eenheid, sodat die wêreld kan glo dat Jesus Christus deur God die Vader gestuur is?

Mag ons bid dat die AMSS en dit wat hier gebeur ons almal sal help om so in Christus gewortel en aan Hom verbonde te wees, dat die evangelie wat ons verkondig meer sigbaar beliggaam sal wees in die familie van NGKerke, sodat ons versoening, geregtigheid en eenheid sal leef in gehoorsaamheid aan God.

Amen